of besware aan te teken teen dobbellisensie-aansoeke wat by die Raad ingedien word. Dobbelwerksaamhede word kragtens die Wet sowel as die Nasionale Wet op Dobbelary, 2004 gereguleer. Hierdie kennisgewing dien om lede van die publiek in kennis te stel dat hulle voor die sluitingsdatum by ondergemelde adres en kontakte beswaar kan aanteken teen en/of kommentaar kan lewer op bogenoemde aansoek. Aangesien gelisensieerde dobbelary 'n wettige besigheidsbedryf uitmaak, word morele besware ten gunste van of teen dobbelary nie deur die Raad oorweeg nie. 'n Beswaar wat bloot meld dat iemand teen dobbelary gekant, is sonder veel stawing, sal nie gunstig oorweeg word nie. U word hiermee aangemoedig om die Wet te lees en meer inligting te verkry oor die Raad se magte en die aangeleenthede op grond waarvan besware ingedien kan word. Dit word in Artikel 28, 30, 31 en 35 van die Wet uitgestippel. Lede van die publiek kan 'n afskrif van die riglyne vir besware bekom, wat 'n gids is wat die werking van die regsraamwerk verduidelik wat die indiening van besware, publieke verhore en die Raad se beoordelingsprosedures reguleer. Die riglyne vir besware is verkrygbaar op die Raad se webwerf by www.wcgrb.co.za en afskrifte kan ook op versoek beskikbaar gestel word. Die Raad sal alle kommentaar en besware oorweeg wat op of voor die sluitingsdatum tydens die beoordeling van die aansoek ingedien word.

In die geval van skriftelike besware teen 'n aansoek moet die gronde waarop sodanige besware berus, verskaf word. Waar kommentaar ten opsigte van 'n aansoek gegee word, moet volle besonderhede en feite om sodanige kommentaar te staaf, verskaf word. Die persoon wat die beswaar of kommentaar indien se naam, adres en telefoonnommer moet ook verstrek word. Kommentaar of besware moet die Raad bereik teen nie later nie as **16:00** op **Vrydag, 27 Oktober 2017.**

**Besware of kommentaar moet gestuur word aan die Hoof- Uitvoerende Beampte, Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne, Posbus 8175, Roggebaai 8012, of ingehandig word by die Hoof- Uitvoerende Beampte, Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne, Seafare Huis, Oranjestraat 68, Tuine, Kaapstad 8001 of aan die Hoof- Uitvoerende Beampte gefaks word na 021 422 2602 of per e-pos na Objections. Licensing@wcgrb.co.za gestuur word.**

**AMPTELIKE KENNISGEWING • AMPTELIKE KENNISGEWING**

132006 BURGER

www.thecandocompany.co.za

**BEACONVALE**
improvement district

**BEACONVALE IMPROVEMENT DISTRICT NPC**
**2016/244690/08 NPC**
**(CARE OF FI GROUP) UNIT A1 CONNAUGHT PARK, McGREGOR STREET, BEACONVALE, 7500**
**www.beaconvalecid.co.za | info@beaconvalecid.co.za | 0832557657**

## Kennisgewing van Ledevergadering

Die Beaconvale Improvement District NPC (BVID) hou 'n Ledevergadering. Alle belanghebbende persone word genooi na 'n oorsig van die jaar se bedrywighede en beplanning vir 2017/18.

| | |
|---|---|
| **Datum:** | 7 November 2017 |
| **Tyd:** | 15:00 |
| **Ligging:** | FI Group, Eenheid A1 Connaught Park, McGregorstraat, Beaconvale |

Slegs bona fide-lede van die BVID kan stem by 'n ledevergadering. Alle eienaars van eiendom wat binne die BVID val, kan lede word sonder enige koste daaraan verbonde, maar moet registreer voor 24 Oktober 2017.

**Vir meer besonderhede oor registrasie en dokumentasie gaan na: www.beaconvalecid.co.za, Stuur 'n e-pos aan: info@beaconvalecid.co.za of Skakel: 083 255 7657**

X1U088MS-DB061017

DIE BURGER